BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Donderdag 2 Maart 1978 — WINDHOEK — Thursday 2 March 1978 — No. 3713

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 11 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Landbou-tegniese Dienste), 1978 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 11 Executive Powers (Agricultural Technical Services) Transfer Proclamation, 1978 ... 1

PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA
(Deur die Staatspresident goedgekeur op 20 Februarie 1978)

No. AG. 11 1978

OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 24 Februarie 1978

BYLAE

Woordomskrywing

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA
(Approved by the State President on 20 February 1978)

No. AG. 11 1978

TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 24 February 1978

SCHEDULE

Definition

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law shall be construed as a reference including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

Oordrag van administrasie van Departement van Landbou-tegniese Dienste

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Landbou van die Republiek van Suid-Afrika in die Departement van Landbou-tegniese Dienste geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

Toepassing van wette

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op –

(a) die Veeartswet, 1933 (Wet 16 van 1933);

(b) artikel 2 en die verwysing na Republiek in artikel 16(1) en (6)(a)(i) van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947);

(c) die verwysing na Republiek in die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet 13 van 1956), en die verwysing na die Minister van Landbou in artikel 23 daarvan;

(d) die Wet op Veebrandmerke, 1962 (Wet 87 van 1962);

(e) die verwysing na die Minister van Landbou in artikel 24 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969);

(f) die verwysing na die Minister van Landbou in artikel 15 van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973);

(g) artikel 23 van die Wysigingswet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1977 (Wet 24 van 1977);

(h) artikel 4(1), die verwysing na die Minister van Landbou in artikel 33, en artikel 38 van die Veeverbeteringswet, 1977 (Wet 25 van 1977).

(2) Die bepalings van subartikel (1)(c) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op die verwysing na Republiek in die Wet op Landbouplae, 1973, en die Veeverbeteringswet, 1977.

Transfer of administration of Department of Agricultural Technical Services

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Agriculture of the Republic of South Africa in the Department of Agricultural Technical Services, shall be carried on by the Administrator-General.

Application of laws

3. (1) The provisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to –

(a) the Veterinary Act, 1933 (Act 16 of 1933);

(b) section 2 and the reference to Republic in section 16(1) and (6)(a)(i) of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947);

(c) the reference to Republic in the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act 13 of 1956), and the reference to the Minister of Agriculture in section 23 thereof;

(d) the Livestock Brands Act, 1962 (Act 87 of 1962);

(e) the reference to the Minister of Agriculture in section 24 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969);

(f) the reference to the Minister of Agriculture in section 15 of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973);

(g) section 23 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Amendment Act, 1977 (Act 24 of 1977);

(h) section 4(1), the reference to the Minister of Agriculture in section 33, and section 38 of the Livestock Improvement Act, 1977 (Act 25 of 1977).

(2) The provisions of subsection (1)(c) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to the reference to Republic in the Agricultural Pests Act, 1973, and the Livestock Improvement Act, 1977.

(3) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 4 van die Algemene Proklamasie is nie van toepassing nie op artikel 32 van die Wet op Landbouplae, 1973.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Landbou-tegniese Dienste), 1978.

(3) The provisions of subsection (1) of section 4 of the General Proclamation shall not apply to section 32 of the Agricultural Pests Act, 1973.

Short title

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Agricultural Technical Services) Transfer Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.